DEEL 115 | WEEK 22 | 2 JUNIE | 2023 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

> 2 Aanklag nou moord | > 3 Raadsrolle - Raadslid | > 4 Bronnie Tjommie Wintersportdag



# Rou riool maak Heilbronners naar!

Met Cholera op almal se lippe in amper elke gesprek, kan 'n mens net wonder waarom die Munisipaliteit nog geen pogings aangewend het om die rou riool wat in die Heilbrondam instroom te stop nie.

Dit word beweer dat vuil riool al 'n geruime tyd in die dam inloop en dat verskeie klagtes reeds geopper is, maar daar was nog geen daadwerklike reaksie daarop nie. Wat die probleem vir inwoners meer kommerwekkend maak, is die feit dat riool vrylik tussen die dam en Huis Bron-van-Heil vloei. Huis Bron-van-Heil maak gebruik van 'n boorgat en inwoners is bevrees dat die riool kan deursyfer en die skoon drinkwater van die ouetehuis besoedel. Dit word ook beweer dat verskeie dreine by inwoners geblok is en dat dit nie oopgemaak kan word nie omdat die munisipale bakkie reeds die afgelope twee weke alweer buite werking is. Inwoners is besorg oor die geweldige gesondheidsrisiko wat dit inhou. Die bestuurder van Heilbron Munisipaliteit, Francis Moeketsi, is weereens nie beskikbaar vir kommentaar nie.

Alhoewel daar oral in die dorp vrylik riool vloei, kan Heilbroners nog gerus wees dat die drinkwater getoets en Cholera-vry is. Die Departement van Water en Sanitasie sê dat kraanwater in die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit veilig is vir gebruik. Met betrekking tot die berigte dat drinkwater in die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit in die Vrystaat moontlik deur cholera besmet kan word, het die departement waterkwaliteitstoetse op alle bronne van drinkwater uitgevoer en kan bevestig dat die analises aandui dat behandelde water wat na krane in die gebied versprei word, voldoen aan die SANS 241-kwaliteitseise en dus geskik is vir menslike verbruik.

"Dit moet genoem word dat die punt in die Vaalrivier waar AfriForum na bewering 'n monster van water geneem het en die cholera-bakterie gevind het, naby 'n rioolspilpunt is wat in die Vaalrivier by Parys vloei. Dit is dus nie verbasend dat water uit daardie deel van die rivier positief getoets het vir cholera nie," het die departement in 'n verklaring gesê. Tog beteken dit nie dat behandelde water wat deur die munisipaliteit verskaf word, cholera bevat nie. Beamptes van die departement het die rioolspilpunt ondersoek en is besig om 'n opdrag aan die munisipaliteit te gee om die besoedeling te stop.

Die departement finaliseer tans die 2023 Bloudruppelverslag, wat gedetailleerde inligting sal verskaf oor die stand van drinkwater dienste in alle munisipaliteite regoor die land, na 'n uitgebreide asesseringsproses oor die afgelope jaar. 'n Vorige Bloudruppelverslag sal volgende week uitgereik word, en die finale verslag sal in Julie uitgereik word.








HIGH FERT KUNSMIS

Johnny Claassen 082 779 3417

JCB

Eben Claassen 072 581 7627

NOVON PROTECTA

Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!



# Uit die pen

## Week 22 van 2023

Daar het onlangs 'n nuwe gesin in ons huis ingetrek. Saam met ons. Ons deel nou die huis. Of dalk nie. Ek is amper van mening dat ons die huis by hulle huur.

Hulle is luidrugtig, hardloop dat jy net tik-tik-tik hoor en krap teen hulle vloer. Dit klink kompleet of iemand sokker bokant my kop speel.

Ek weet nie presies hoe groot die gesin is nie. Ek wil my verstout om te sê dat hulle nie goeie gesinsbeplanning aan die dag gelê het nie, want daar is definitief meer as drie kinders. Geen voorbehoeding gebruik nie. Niks. Nada.

Hulle verkies ook dan om eerder in die nag partytjie te hou. Om een of ander rede raak hulle hiperaktief wanneer alles in die huis stiller en donkerder raak.

Jy is reg. Dit is die muisgesin. Pa, ma en 'n hele zoer kinders. Dink ek. My goeie man het al vir hulle heerlike kaas op my gryse ou pa se muisvalletjies gestel, maar ons kry geen terugvoer nie. Niemand wat honger is vir kaas nie.

Laat my dink aan iemand se simpel grappie: die pa-muis is in die muisvalletjie gevang en hy hol toe terug huis toe met die muisvalletjie aan die been. By die huis gekom, ruk-ruk hy sy been om die muisvalletjie af te kry. Boetie tienermuis sê toe: "Lekker, het pa vir ons 'n kick-start mouterbaaik gekoop?"

Geen muisvalletjiemouterbaaik by ons nie.

Die ander nag skrik ek wakker van 'n hengse lawaai. Ek lê doodstil en probeer uitmaak waar die geluid vandaankom. Ek wag dat die geluid homself (haarself?) moet herhaal, maar niks. Net toe ek weer aan die slaap raak, hoor ek dit weer. Ek dog eers dis die muisgesin. Maar nie eers 'n pa en ma en tien kinders kan so baie lawaai opskop nie.

Dit klink soos 'n baksteenmuur wat bars. Ek verwag die emmer vol bakstene wat op my neer reën. Maar niks.

Ek raak bewerig aan die slaap.

Die volgende oggend sal ek agterkom wat gebeur het: ek het deur die nag twee plooie bygekry. Dit was my vel wat so gekraak en gekreun het.

Ek staar na my beeld in die spieël. Ja, wragtag. Daar sit die twee karnallies: twee dwarsplooie op my voorkop. Eienaardige gevoel, want dit is nie seer nie. Dit het deur die nag seer geklink, maar dis werklik pynloos.

Dis hoe dit dan voel, dink ek, wanneer mens verouder. Jy kry kraters en gate sonder dat jy dit agterkom (want dit gebeur deur die nag) en daar loop nie bloed uit nie.

As daar bloed uitgeloop het, sou dit eintlik beter gewees het, want dan kon ek vir oom Coenie gevra het om die kraak netjies toe te werk met sy naald en gare in sy spreekkamer. Maar ek kan nie.

Dié is 'n ding wat sit. Vir altyd.

Ek sien die ander dag 'n lokfilm (pragtige woord, nê?) van ons Vooraanstaande Dames van die Wynlande. Een van hulle noem dat hulle na 'n persoon toe gaan wat jou hande 'n verjongingskuur gee.

Jy gaan wat? Ja, dit was my gevoel ook. Jou hande nogal? Dit terwyl jy sekerlik ook dieselfde doen met jou gesig. Nie dat daar iets daarmee verkeerd is wanneer jy aan jouself tyd en aandag spandeer nie.

(Behalwe dat sommige van die Vooraanstaande Dames eerder moet let op haar taalgebruik, maar dis nou net my opinie. Ek sien daar is weliswaar mense wat gek is na haar sogenaamde "eerlikheid". Debatteerbaar.)

Feit is: niemand kan hierdie een misloop nie. Ons almal gaan ouer word en niks gaan die proses kan stop nie.

Ek sien onlangs 'n foto van die pragtige Meg Ryan. Of moet ek sê eertydse, pragtige Meg Ryan. Al wat min of meer van haar oorgebly het is haar opgepofte lippe, wange wat superstyf gespan is en skrefiesoë.

Ons kan dit nie misloop nie.

Ek besoek ook 'n jong dame wat haar alles probeer om my gesigvel mooi te laat lyk, maar die son, bestraling, verkeerde kos, min sweet en soms se nalatigheid, het my ook ingehaal. Arme Anja probeer haar bes, maar die plooie sit.

En ek is ernstig oor die nuwe plooie wat ek op my voorkop gesien het. Ek wou huil en myself vir twee dae voorgeneem om glad nie weer my wenkbroue op te trek nie. Dit het my te veel inspanning gekos, en ek kon nie daarmee volhou nie.

Ek het wel 'n oogroom en dag- en nagroom. Ek weet nie regtig of dit help nie, maar ek slaap beter. Behalwe nou deur die nag wanneer 'n splinternuwe plooi vorm.

Ek kan ook so af en toe Hannes se kundigheid gebruik om die grys hare toe te verf. Dit help, maar ook net soveel.

Hierdie week se les is: Ons word almal ouer. Raak gewoond daaraan. Of dit plooie, grys hare, voue of klowe is, ons kry dit.

Dis die natuur se manier om vir jou te sê dat jy werklik geleef het. Jy kan jou bes doen om dit te ontwyk, maar dit haal jou in. As is dit soos Jimmy Carter se vrou, tans 95, wat demensie ontwikkel het. Oudword haal jou dalk al in jou dertigerjare in, of dalk in jou negentigs.

Feit is: almal raak oud. Gelukkig sien ek myself nie elke dag nie, ek kyk net so twee keer per dag in die spieël en die res van die mensdom moet in my gesig vaskyk. Vir my is dit darem nie so erg nie.

Totdat jy een nag wakker skrik met 'n nuwe plooi… Dis nou 'n ander storie daai.



**POSTNET HEILBRON**

**BESIGHEIDSURE**

**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00

*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*


# Piet Habig word ter ruste gelê



Op 20 Mei 2023 het Piet Habig sy aardse tuiste verlaat om by sy Hemelse Vader te wees. Die begrafnis het op 27 Mei plaasgevind, te Vegkop Monument en Museum Terrein, Heilbron.


Piet en Marie is in 2019 getroud en het die volgende jaar verhuis na Port Shepstone. Piet was vir 25 jaar woonagtig op plaas Grootkraal te Heilbron en was voorheen getroud met Bernedine wat 5 jaar gelede afgesterwe het. Hy laat sy vrou Marie Habig, seun Johann Habig, dogter Riana Mouton, kleinkinders en agterkleinkinders agter.

Piet laat 'n groot leemte, maar hy sal onthou word vir die aansteeklike ywer waarmee hy altyd die Here gedien het. Die familie bedank elkeen vir u vriendskap deur die jare en vir elke stukkie ondersteuning in hierdie moeilike tyd.

# Aanklag nou moord



Die pa van Lukas van Biljon, 'n voormalige Springbok-haker, André, het in Bloemfontein aan sy beserings beswyk nadat hy op sy kleinhoewe buite Oranjeville in die Vrystaat aangeval is. Dit word beweer dat André drie keer geskiet is. André het probeer om die ander boere per radio te kontak nadat hy sy bewussyn herwin het en die aanvallers weg is. Lukas se seuns is met kabelbinders vasgemaak, maar hulle is ongedeerd. Die rowers het glo geld geëis en gedreig om Lukas se kinders (André se kleinkinders) seer te maak sou hy nie saamwerk nie. Lukas het wel nie baie geld in sy besit gehad nie en is herhaaldelik met 'n mes gesteek voordat André na bewering drie keer geskiet is. Die rowers het met Lukas se voertuig gevlug. Te danke aan die flinke reaksie van die polisie is twee van die mans tydens 'n padblokkade by Viljoenskroon gearresteer. Hulle het Maandag voor die landdros in Heilbron verskyn op aangeklagte van huisroof en poging tot moord. Na André se dood sal moord by die klagstaat gevoeg word. Hulle bly in aanhouding totdat hulle op 5 Junie aansoek wil doen vir borgtog. Daar is nog verdagtes op vrye voet en die soektog na hulle duur voort.

# INSPIRASIE RESEPTE - *Pasch du Plooy*





"Risotto" is 'n besonderse bevredigende gereg en is ideal vir 'n lekker winter aandete. Daar is verskeie variteite van die kortkorrelrys wat vir 'n "Risotto" gebruik kan word, maar die bekendste en mees algemeenste of beskikbaarste is Arborio- en Carnaroli rys. Die soort rys is hoog in stysel en die stysel dra by tot die natuurlike romerige eienskap van "Risotto". "Risotto" kan op byna enige manier gegeur word, maar daar is wel klassieke opsies wat altyd 'n wenner bly, soos my eksotiese sampioen "Risotto".

**Eksotiese Sampioen Risotto met Parmesaan**

Voorbereidingstyd – 30 minute
Kooktyd – 30 minute
Bedien – 4-6 mense

**Bestanddele vir die Risotto**

2 koppies Risotto rys
1 wit ui, fyn gekap
1 knoffelhuisie, fyn gekap
2 lourierblare
2 takkies vars tiemie of 'n knippie droë tiemie
4 eetlepels botter
4 eetlepels olyfolie
½ koppie witwyn
50 ml brandewyn
½ koppie droë porcini sampioene in 1 koppie kookwater geweek.
Sodra sampioene sag is, haal dit uit die water, gooi die water saam die aftreksel en kap sampioene fyn. Meng by die res van die sampioene.
6 koppies warm hoenderaftreksel (5 koppies aftreksel indien porcinis gebruik word)
1 koppie, fyn gerasperde Grana Padano (parmesaankaas)
2 teelepels fyn neutmuskaat
Sout en Peper

**Bestanddele vir die sampioene**

6 koppies gemengde sampioene, fyn gesny ("button, brown, portobello, shimeji, oyster, king oyster, shiitake")
3 groot wit uie, fyn gesny
2 knoffelhuisies, fyn gerasper of gekap
1 eetlepel vars tiemie, fyn gekap
1 teelepel bruinsuiker
4 eetlepels botter
2 eetlepel olyfolie
Sout en peper

**Metode vir die sampioene**

Verhit die olie in 'n swaarboompot. Sodra die olie warm is, voeg jy die botter, uie en knoffel by. Braai die uie en knoffel oor 'n hoë hitte totdat die uie ligbruin en sag is. Voeg nou die sampioene, tiemie en bruinsuiker by. Braai die sampioene totdat dit sag is, so 5 - 8 minute. Geur met sout en peper na smaak. Sit eenkant vir later gebruik.

**Metode vir die Risotto**

Voeg die olyfolie, uie, knoffel en die helfte van die botter in 'n swaarboompot en verhit oor hoë hitte. Braai die uie en knoffel totdat dit goudbruin en sag is. Verlaag nou die hitte en voeg die rys by, roer goed sodat die rys met die botter en olie bedek word. Braai die rys oor lae hitte vir 2 minute. Voeg nou die brandewyn en witwyn in, roer sag en kook tot al die wyn verdamp het. Sodra die pot amper droog is, voeg jy die ¾ van die sampioene by en roer goed. Begin nou om die warm aftreksel met 'n skeplepel by te voeg. Voeg een lepel in tewyl jy sag roer. Kook oor lae hitte totdat die eerste aftreksel alles geabsorbeer is. Herhaal die proses totdat al jou afreksel ingevoeg is of tot jou rys sag is. Jou rys moet nie pap wees nie, maar moet nog 'n effense byt he. Sodra jou rys gaar is, voeg jy die laaste botter, neutmuskaat, en al die parmesaankaas by. Roer sag sodat al die botter en kaas goed ingemeng is. Geur met sout en peper na smaak. Bedien met laaste sampioene en met ekstra parmesaan besprinkel!

**Wenk:** "Shiitake" sampioene se steeltjie moet verwyder word en gebruik 'n spatel om jou "Risotto" te roer, dit is baie sag en breek nie die ryskorrels nie.

***Resep deur Pasch du Plooy***
***Wenner van die TV reeks Kokkedoor se 3de seisoen in 2019. - www.pasch.co.za***

# Raadsrolle - Raadslid

Daar heers baie onkunde oor wat presies die rol van 'n munisipale raadslid in die munisipale opset behels. Hierin word gepoog om bietjie helderheid te bring.

Allereers vereis wetgewing dat raadslede hul pligte in goeie trou, eerlik, deursigtig en op so 'n wyse dat die geloofwaardigheid en integriteit van die munisipaliteit nie gekompromitteer word nie, moet verrig. Dit word verwag dat raadslede alle vergaderings van die raad sal bywoon en aldaar sal stem oor enige sake wat op die agenda mag wees. Raadsvergaderings moet vir dié doel minstens kwartaalliks gehou word.

Bywoning van vergaderings stel raadslede in staat om deel te neem aan oorhoofse besluitnemingsprosesse, om verslae te oorweeg en om oorsigtelike en wetlike gesag oor die werksaamhede van die munisipaliteit uit te oefen. Van kardinale belang is om daarop te let dat geen raadslid as indiwidu beskik oor enige sulke bevoegdheid nie – dit is slegs die raad in sitting wat daaroor beskik.

Van die belangrikste verslae wat oorweeg moet word, is die burgemeester se statutêre kwartaalverslag, die jaarverslag, die verslag re salarisse, lone en toelaes van personeel en die verslag re besluite geneem en uitgevoer ooreenkomstig gedelegeerde bevoegdhede aan die munisipale bestuurder verleen. Die jaarlikse begroting en enige aanpassingsbegroting moet ook deur die raad goedgekeur word.

Raadsvergaderings dien as belangrike forums waar raadslede inligting oor munispale sake kan bekom by wyse van vrae. 'n Raadslid kan verder 'n mosie by 'n vergadering stel vir debattering en besluitneming. Prosedures daarvoor is vervat in die raad se Staande Reëls.

Raadslede mag nie lede wees van, of selfs as waarnemer toegelaat word, by enige sittings van komitees wat handel met die toekenning van tenders, toewysing van kontrakte of aankope by wyse van kwotasies nie. Dit word uitdruklik in artikel 117 van die Munisipale Finansieswet verbied. Alhoewel raadslede projekte wat aangepak moet word in die begrotingsproses moet goedkeur, beskik geen raadslid gevolglik oor geleentheid om enige insette in die verkrygingsproses te maak nie wat 'n groot leemte uit die oogpunt van raadslede laat. Hulle word bloot ingelig nadat tenders en kontrakte reeds deur die verkrygingskomitee toegeken is.

Voorts bepaal die statutêre gedragskode vir raadslede uitdruklik dat 'n raadslid nie mag inmeng met die bestuur of administrasie van enige departement in die munisipaliteit nie of enige opdrag mag gee of voorgee om dit te gee aan enige werknemer van die munisipaliteit nie of die uitvoering van enige besluit van die raad of enige van sy komitees deur enige werknemer belemmer of probeer belemmer nie. Versuim om aan die gedragskode te voldoen mag lei tot verwydering van die raadslid deur die Lid van die Provinsiale Uitvoerende Komitee op versoek van die raad.


Uit voorgaande is duidelik dat die rol van 'n raadslid primêr is om beleid te maak rakende die wyse waarop die munisipaliteit bestuur moet word waarna die uitvoering van sodanige beleid, behalwe waar enkele statutêre uitsonderings geld, uitsluitlik berus by die munisipale bestuurder en sy personeel. Slegs die burgemeester beskik oor 'n relatiewe oorsigrol wat aan hom/haar 'n mate van gesag bied oor die optrede van amptenary. 'n Raadslid se oorsigrol is basies beperk tot optrede binne raadsverband en pogings om as indiwidu betrokke te raak by bestuursaspekte skep die risiko dat 'n raadslid van sy amp onthef mag word. Groot takt en omsigtigheid is dus noodsaaklik waar 'n raadslid wel met amptenare oor die uitvoering van hul pligte wil praat, selfs indien bloot gepoog word om raad of leiding te gee. Enige klagtes oor gedrag of wangedrag of pligsversuim moet by die munisipale bestuurder aangemeld word vir optrede en 'n raadslid beskik persoonlik oor geen gesag of mag tot dissiplinêre stappe nie.

***VF Plus Raadslid,***
***Phillip van der Merwe,***
***Heilbron***







# Nuwe Beheerliggaam vir Kleuterkasteel




*Die nuwe beheerliggaan vir Kleuterkasteel in Heilbron is as volg verkies: Voorsitter Johan van Rooyen, ondervoorsitter G.F van Rooyen, Lede: Liz-Mari Myburgh, Anizel Hendriks, Francina Volschenk en Lee-Ann Potgieter. Almal word hartlik verwelkom tot die span.*




# Kleuters leer meer van nagdiere

*Die Kleuters van Kleuterkasteel het die 4de Mei 'n diere uitstappie bygewoon. Dit was grillerig maar elkeen het dit baie geniet.*

# Bronnie Tjommie Wintersportdag 'n groot sukses









Hoërskool Heilbron het onlangs die wintersportseisoen met groot sukses afgesluit, en dit was 'n ware hoogtepunt vir die skool en gemeenskap. Die Bronnie Tjommie Wintersportdag het op Vrydagaand, 26 Mei 2023, begin met 'n konsert deur die talentvolle kunstenaar, Barto. Dit het die naweek se gees met opwinding en verwagting gevul.

Die volgende dag, Saterdag, 27 Mei 2023, het die skoolterrein tot lewe gekom toe sowat 1300 spelers van 8 verskillende skole, saam met hul ouers, saamgekom het vir 'n dag vol sportaksie, lekker eet en goeie gees. Die Bronnie Tjommie Wintersportdag is 'n jaarlikse geleentheid wat altyd 'n groot sukses is, en hierdie jaar was dit nie anders nie.

Die dag was gevul met aksie en plesier vir almal wat betrokke was. Van rugby tot netbal en hokkie, die spelers het hul beste beentjie voorgesit en hul talente gewys. Die toeskouers het gejuig en aangemoedig terwyl die spanne hard gewerk het om hul wedstryde te wen.

Die Bronnie Tjommie Wintersportdag was nie net oor die sport nie – dit was ook 'n geleentheid vir die gemeenskap om bymekaar te kom en nuwe vriendskapppe te vorm. Ouers het saamgekom om die wedstryde aan te moedig en mekaar te ondersteun. Onderwysers het hul spanne aangemoedig en gelei en die leerlinge self het 'n besondere gees van samewerking en kameraadskap getoon.

Die skool wil graag 'n spesiale dankie sê aan elke persoon wat bygedra het tot die sukses van die dag. Die leerlinge wat hard gewerk het om hul vaardighede te verbeter, die spelers van die ander skole wat 'n gesonde kompetisie gebied het, die ouers wat hul kinders ondersteun het, die onderwysers wat hul tyd en kundigheid gegee het, en die borge wat die dag moontlik gemaak het. "Dit is julle gemeenskapsgees en saamwerking wat hierdie geleentheid so besonders maak."

Vir diegene wat nie daar kon wees nie, is daar geen rede tot bekommernis nie. Admin@andrepretoriusfotografie.co.za het aksiefoto's van die dag beskikbaar wat jy kan besigtig. Hierdie foto's sal jou 'n beeld gee van die opwinding en plesier wat die dag ingehou het, en dit sal jou laat uitsien na die volgende jaar se Bronnie Tjommie Wintersportdag.

Hoërskool Heilbron sien reeds uit na die volgende geleentheid. Dit is 'n dag wat almal weer sal saambring vir 'n viering van vriendskap, sport en geesdrif.

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE CHRISJAN ANDRIES SCHOEMAN, Identiteitsnommer: 401202 0048 089** in lewe 'n ongetroude nagelate eggenote woonagtig te Conventionstraat 27, Reitz, 9810.
**DATUM VAN AFSTERWE: 20 FEBRUARIE 2020**
**BOEDELNOMMER: 007563/2020**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een en Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ**
**9810**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **RAS**
First names: **MARIA HENDRIKA**
**ESTATE NUMBER: 8217/2022**
Identity/passport number: **520203 0049 081**
Date of death: **14/07/2022**
Last address: **22 Vierde Street, Koppies, 9540**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 2 June 2023 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Koppies.
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**P.O BOX 205/591**
**HEILBRON**
**9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF:**
**Date submitted: 2023/05/19**
**Publication Date: 2023/06/02**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **JORDAAN**
First names: **LOUIS HOSEA**
**ESTATE NUMBER: 8212/2022**
Identity/passport number: **471019 5008 081**
Date of death: **31/07/2022**
Last address: **4 Luyt Street, Heilbron, 9650**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 2 June 2023 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
**In case of a marriage in community of property:**
First names and surname of surviving spouse:
**REGINA JORDAAN**
Identity/passport number: **460525 0009 083**
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**AMANDA ANNE SCUTTE (THE AUTHORIZED)**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**P.O BOX 205/591**
**HEILBRON**
**9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: B0107/0517**
**Date submitted: 2023/05/19**
**Publication Date: 2023/06/02**

# DIENSTE - DIENSTE -DIENSTE


## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**


## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en
14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# BEDANKING

Baie dankie aan elkeen wat ons bygestaan het met die skielike afsterwe van Drikus.
Die wat onmiddellik daar was om ons by te staan, elke handdruk en oproep.
Nogmaals baie dankie.
Van: Jane, Marcel, Hendre, Eduan & Serfontein familie.


AANDAG!
Alle Heilbron Kunstenaars
Kontak
RIEMLAND MUSEUM





**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald.**
**Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033**
**heraldnuus@heilbron.co.za**


## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

Winter Sale

Business Cards FULL COLOUR SINGLE-SIDED
250x - R 290.00
500x - R 380.00
1000x - R550.00





A5 Flyers FULL COLOUR SINGLE-SIDED
100x - R 290.00
250x - R 450.00
500x - R 650.00
1000x - R 950.00
2000x - R1490.00





Correx Boards FULL COLOUR SINGLE-SIDED
600x800mm - R 160.00
2500x1250mm - R999.00





A5 Invoice/Delivery/Receipt Books BLACK & WHITE DUPLICATE
5x - R 1400.00
10x - R 1800.00
20x - R 2199.00





For an extra R110.00 we will send your order to any Postnet in South Africa

VALID UNTIL 30 JUNE 2023
*ALL PRICES ARE EXCLUDING VAT AND DESIGN COST

Heilbron Herald
058 852 3033
herald@heilbron.co.za


# SMALLS


## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R






## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT





**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes) marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**



***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***






SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078




HERALD *Sport*

# Rolbalklub:
## *Koos en Magda Bierman*



Praat van Heilbron Rolbalklub, en ek wil amper sê landswyd in rolbal geledere, sal Koos en Magda Bierman se name ter sprake kom. Koos en Magda is sinoniem met Heilbron rolbalklub.

As jong rugbyspeler het Koos geweet daar is 'n sportsoort soos rolbal, maar daardie ronde bal kon jy nie lekker “aanpass” na jou spanmaat nie en jy kon hom ook nie “dribble” nie.

Terwyl Koos elektriese instandhoudingswerk in Edenville doen het Steve Moll vir Koos aan hierdie ronde bal voorgestel en, soos hulle sê, die res is geskiedenis.

Met 'n sportdag wat destyds deur NCD aangbied is, het Jan Bester en sy vrou Bekkie vir Magda oorreed om deel te neem. Dalk was dit 'n “sportsdag”, want met rolbal se streng reëls van daardie jare het Magda met 'n dilemma gesit, sy kon slegs speel as sy bruin skoene en 'n dubbellaag onderrok het wat nie kon deurskyn nie!  Inderhaas het Sampie en Mandie Piek Vereeniging toe gery om bruin platsool skoene te gaan koop en soos Magda sê, haar rok is opgetel om seker te maak die onderrok voldoen aan die reëls.

Mans se kleredrag was, net soos vir die dames, baie voorskriftelik en moes streng nagekom word.

Gelukkig het rolbal reëls oor die jare aangepas by veranderde omstandighede, anders was rolbal dalk ook 'n uitgestorwe sportsoort soos die dinosaur.

Koos en Magda se rolbalprestasies, sedert hul toetrede tot rolbal, is bykans onmoontlik om in 'n kort berig weer te gee, daar was egter vele hoogtepunte: Die span bestaande uit R. Jacobs, C. Jacobs, J. Bierman en J. Joubert eindig in die laaste 8 van die Suid-Afrikaanse Rolbal Vereniging, 1993.

Koos was ook die wenner van Noord Vrystaat Meesters in 2009. Saam met spanmaats R. Jacobs en O. Iverson wen hulle ook die NVS driespel.

Gedurende 2012 wen Koos en Magda ook Valsrivier gemengde parespel.

Vir 21 jaar het hulle ook gaan deelneem aan die Selati toernooi. Saam met Pieter en Elsabeth Jooste het hulle hierdie toernooi 4 keer gewen.

Koos en Magda het ook deur die jare 'n enorme bydrae gemaak tot die administrasie van rolbal, vir baie jare het Koos, as President en Magda as sekretaresse, die klub met groot sukses bestuur, op Distriksvlak het hulle ook 'n groot bydrae gelewer.

Na baie jare het hulle besluit om semi at te tree wat rolbal aanbetref en speel hulle slegs fondsinsamelings- en borgdae wat deur omliggende klubs aangebied word. Deur die jare was, en is Koos en Magda steeds voorlopers met hulp en ondersteuning tydens funksies of watter werk ookal nodig mag wees by die klub.

Semi aftrede met die sport? Ja.

Die ander dag toe iemand vir Koos vra wanneer hy gaan ophou werk, het Flip Fourie, tong in die kies, namens Koos geantwoord: “Wanneer Koos nie meer met 'n leer op sy bakkie rondry nie.”





BELANGRIKSTE veilings

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

**MAANDAG - 05 JUNIE 2023**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 06 JUNIE 2023**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

EHLERSKROON BONSMARAS
95 Beeste,11:00, plaas Goedgedacht, Delmas
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

LANGLYF & NONNIE TULI'S
160 Beeste, 11:00 , Avoca, Reitz
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**WOENSDAG - 07 JUNIE 2023**
FOURIESBURG Maandeliks veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

HOËVELD SAVM KLUB veiling
11:00, Hoëveld veilingsentrum, Standerton
40 Ramme
Kontak Erik Heymans 0832645177

**DONDERDAG - 08 JUNIE 2023**
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 09 JUNIE 2023**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za







